basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WE SUPPORT QUALITY EDUCATION
LOVE, RESPECT AND ACCEPTANCE FOR ALL

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2015
GRAAD 3 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS

PUNTE: 40

PUNTE	

TYD: 1 uur

PROVINSIE _____

DISTRIK _____

KRING _____

SKOOL _____

EMIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 3A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN		DOGTER	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

Die toets bestaan uit 12 bladsye, die buiteblad uitgesluit.

Instruksies aan leerder:

1. Lees al die instruksies en vrae deeglik.
2. Die onderwyser sal die oefenvoorbeelde saam met jou doen voordat jy met die toets begin.
3. Beantwoord al die vrae in die spasies en raampies wat voorsien word.

Oefenvoorbeelde

1. Maak 'n kruisie (**x**) op die letter bo die korrekte antwoord.

Dit is 'n ...



A	B	C	D
hond.	koei.	hen.	kat.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy 'n kruisie (x) op 'D' getrek het.

2. Die volgende sinne vertel vir ons hoe om ons tande te borsel.

Nommer die sinne in die regte volgorde, 1-4, om te wys hoe jy jou tande gaan borsel.

Maak jou tandeborsel nat.	
Spoel jou mond uit.	
Borsel jou tande.	
Druk tandepasta op jou tandeborsel.	

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy die sinne in die regte volgorde genommer het: 1, 4, 3, 2.

3. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
Wat is die meervoud van 'kind'?

A kids

B kinds

C kinders

D kinners

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy 'C' omkring het.

In jou toets sal jy soortgelyke vrae kry om te antwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord vrae 1-9.

Op 18 Julie 1918 is 'n klein Xhosa-seuntjie in die rustige dorpie Mvezo gebore. Sy naam was Rolihlahla Mandela. Hy het grootgeword in Qunu saam met sy ma Nosekeni, pa Gadla en susters Baliwe, Nothusile en ander. Rolihlahla het vee opgepas en saam met die seuns in die dorpie gespeel.

Hy het na die Metodiste-kerkskool gegaan toe hy 7 jaar oud was. Sy onderwyser het hom Nelson genoem. Na Graad 7 het hy koshuis toe gegaan tot hy Graad 12 geslaag het. Hy het studeer en 'n paar jaar later as 'n prokureur gekwalifiseer.

Mandela het by die ANC aangesluit en is gearresteer omdat hy geveg het vir vryheid en gelykheid vir alle Suid-Afrikaners. Hy is tronk toe gestuur op Robbeneiland. Na 27 jaar is hy vrygelaat.

In 1994 het hy die eerste demokraties verkose President van Suid-Afrika geword. Nelson Mandela was baie lief vir mense en veral vir kinders. Hy was bekend as Tata, wat 'Vader' beteken. Tata het as 'n held gesterf, op 5 Desember 2013, op die ouderdom van 95.

[Uittreksel uit: *Long Walk to Freedom*]

1. Gee 'n titel vir die storie.

.....

2. Omkring die letter langs die korrekte antwoord.

Wie is die hoofkarakter van die storie?

A Nosekeni Mandela

B Nelson Mandela

C Gadla Mandela

D Baliwe Mandela

3. Maak 'n kruisie (**x**) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

Van watter land was Mandela president?

Suid-Amerika	
Suid-Afrika	
Suid-Arabië	
Suid-Asië	

4. Dui die korrekte volgorde van gebeure in die storie aan.

Nommer die sinne 1-4 in die blokkies om die korrekte volgorde aan te dui.

Hy word President in 1994.	
Op 18 Julie 1918 is 'n klein Xhosa-seuntjie gebore.	
Sy onderwyser het hom Nelson genoem.	
Tata het as 'n held gesterf.	

5. Waarom was Mandela tronk toe gestuur?

Hy is tronk toe gestuur, want.....

.....

.....

6. Waarom dink jy het mense Nelson Mandela 'Tata' genoem?

Ek dink dit was omdat .....

.....

.....

7. Lees:

7.1 'n Byvoeglike naamwoord beskryf 'n selfstandige naamwoord.

Omkring **twee** byvoeglike naamwoorde in die sin.

'n Klein seuntjie is in 'n rustige dorpie gebore.

7.2 'n Selfstandige naamwoord is iets wat jy kan sien, voel en aanraak.

Omkring **twee** selfstandige naamwoorde in die sin.

Hy het die vee opgepas en saam met die seuns gespeel.

7.3 'n Voegwoord verbind twee sinne om een sin te maak.

Omkring **een** voegwoord in elke sin.

a. Mandela was lief vir mense en ook vir kinders.

b. Sy naam was Rolihlahla, maar sy onderwyser het hom Nelson genoem.

8. Skryf die sinne oor in die ...

8.1 verlede tyd.

Sy susters woon in Qunu.

.....

.....

.....

8.2 toekomende tyd.

Hy veg vir vryheid.

.....

.....

.....

9. Skryf die sinne oor. Vul **twee** leestekens in by elke sin.

9.1 tata het as 'n held gesterf

.....

.....

9.2 Het sy vader moeder en susters in Qunu gewoon

.....

.....

9.3 Sy onderwyser het gesê: nelson, kom hier.

.....

.....

10. Maak 'n kruisie (✕) in die blokkie langs die korrekte antwoord.

10.1 Nelson, waar is die vee?

Bevelsin	
Stelsin	
Vraagsin	
Uitroepsin	

10.2 Tata sterf as 'n held.

Bevelsin	
Stelsin	
Vraagsin	
Uitroepsin	

11. Homofone is woorde wat dieselfde klink maar verskillend geskryf word en ook verskil in betekenis.

Skryf 'n sin met elke woord om die verskil in betekenis aan te dui.

11.1 hart

.....

11.2 hard

.....

12. Kyk na die prentjies en voltooi die sinne.

12.1 Die seuns tel ..... op om ‘n vuur te maak.

12.2 Mandela eet sy rys/reis ..... met vleis. 

12.3 Mandela se ma gebruik skerp  ..... om die brood te sny.

13. Kyk na die advertensie en beantwoord vrae 13.1 en 13.2.

Terug skool toe

[Bron: Dept. van Basiese Onderwys]

13.1 Omkring die letter langs die korrekte antwoord.
Watter skryfbehoeftes adverteer die winkel?
Die winkel adverteer ...

A potlode en appels.

B getalle en letters.

C skoolboeke en gesiggies.

D penne, liniale, uitveërs en skoolboeke.

13.2 Voltooi die volgende sin:

Die vrolike gesiggies in die advertensie vertel ons dat die leerders ..... is om terug te gaan skool toe.

14. Lees die tabel hieronder en beantwoord vrae 14.1-14.3.

Gr. 3-onderwysers se lys van pligte		
Naam	**Maandag en Woensdag**	**Dinsdag en Donderdag**
Mev. Gomba	Skolierpatrolliediens	Terreindiens
Mej. Kent	Terreindiens	Skolierpatrolliediens
Mnr. Smith	Sportafrigting	Vergadering
Mev. Abrahams	Noodhulp	Noodhulp
Mnr. Naidoo	Vergadering	Sportafrigting

[Bron: Dept. van Basiese Onderwys]

14.1 Mev. Gomba doen skolierpatrolliediens. Wie doen ook skolierpatrolliediens?

.....

14.2 Wie doen dieselfde diens van Maandag tot Donderdag?

.....

14.3 Wanneer het mnr. Smith sy vergaderings?

.....

15. Lees die grafiek hieronder en beantwoord vrae 15.1 en 15.2.

Leeraktiwiteite					
Getal leerders	8				
	7				
	6				
	5				
	4				
	3				
	2				
	1				
		lees	skryf	teken	sing

[Bron: Dept. van Basiese Onderwys]

15.1 Maak 'n kruisie (**x**) in die blokkie met die korrekte antwoord.

Vergelyk die aktiwiteite. Wat geniet die meeste leerders om te doen?

skryf	teken	lees	sing

15.2 Maak 'n kruisie (**x**) op die letter bo die korrekte antwoord.

Hoeveel leerders hou van skryf?

A	B	C	D
8	5	4	3

16. Skryf **twee** paragrawe van ten minste 10 sinne in totaal oor jou held of heldin. Maak seker jy gebruik die regte leestekens, gepaste taal en let op jou spelling. Moenie jou sinne nommer of herhaal nie.

My held

of

My heldin

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

TOTAAL: 40